Verskoning vir die oorywerige vervang van SAT met PLAASLIKE TYD. Hier is die regte SARL Nuus

Suid-Afrikaanse Radioliga Nuus 11 Mei 2014

Goeie môre en welkom, jy luister na ZS6SRL, die amptelike stem van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika. Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag om 08:15 SAT'n nuusbulletin in Afrikaans en om 08:30 SATin Engels uit op HF en verskeie BHF en UHF herhalers landswyd. Echolink luisteraars kan koppel aan ZS0JPL vir 'n audiostroom.

Besoek die Suid-Afrikaanse Radioliga webblad om 'n oudio weergawe van hierdie bulletin te bekom. Terwyl jy daar is kan u ook 'n teksweergawe aflaai en ook inteken om bulletins per e-pos te ontvang.

Hierdie bulletin word gelees deur …… (naam, roepsein en QTH waar toepaslik)

Die Nuus span wens alle moeders 'n baie spesiale Moedersdag toe en mag elke dag Moedersdag wees.

Die week se nuushooftrekke

DIE KONFERENSIE DOKUMENTE VIR DIE 2014 IARU STREEK 1 ALGEMENE KONFERENSIE IS BESKIKBAAR

DAAR 'N VAKATURE BY DIE SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

en

DIE BESONDERHEDE VAN DIE RTA IN DURBAN IS NOU OP DIE WEB

Hoofnuus

Die konferensie dokumente vir die 2014 IARU Streek 1 Algemene Konferensie is beskikbaar op die Streek 1 webtuiste by www.iaru-r1.org, aan die linkerkant kies 'Documents' en dan 'Conferences.' Die betrokke inligting is onder die 2014 - Varna General Conference lêer. Die Suid-Afrikaanse Radioliga span wat die konferensie gaan bywoon wil graag jou kommentaar op hierdie dokumente hoor. C2 is die finansiële dokumente, C3 is die administratiewe en organiSAToriese dokumente, C4 is die HF dokumente en C5 is die BHF/UHF en mikrogolf dokumente. Jy kan die konferensie webblad by http://iarur1con2014.bfra.bg/ ook besoek.

Die Streek 1 Algemene Konferensie word van 20 tot 27 September gehou by die Flamingo Grand Hotel in Albena, Bulgarye op die Swart See kus. Albena is sowat 30 km noord van Varna. Vier-en-vyftig lidlande van Streek 1 sal die konferensie bywoon.

DAAR 'N VAKATURE BY DIE SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA. Mariska Faasen verlaat die diens van die Suid-Afrikaanse Radioliga aan die einde van Mei. Die Suid-Afrikaanse Radioliga nooi belangstellendes om hul CV aan die liga sekretaris te stuur by epos secretary@sarl.org.za. Aansoekers moet verkieslik in

die area van die Nasionale Amateur Radio Sentrum by Radiokop, Roodepoort woon. Die suksesvolle kandidaat sal ervaring in kantooradministrasie hê en ten volle vertroud wees met die Windows Office stel sagteware. 'n Posbeskrywing is op aanvraag beskikbaar by die liga sekretaris.

Die Raad van die Suid-Afrikaanse Radioliga bedank Mariska vir haar ondersteuning van die Suid-Afrikaanse Radioliga en haar diens oor die afgelope 5 jaar, en wens haar net die beste vir die toekoms.

DIE BESONDERHEDE VAN DIE RTA IN DURBAN IS NOU OP DIE WEB. Die eerste Suid-Afrikaanse Radioliga Radio Tegnologie in Aksie simposium sal gehou word by die Universiteit van KwaZulu -Natal op SATerdag 21 Junie. Die program bied 'n groot verskeidenheid van onderwerpe van belang vir radioamateurs en elektronika entoesiaste. 'n Aantal van die aanbiedings sal ondersteun word deur praktiese demonstrasies.

Die volledige program en besprekingsvorm is nou beskikbaar by www.sarl.org.za, kies die Radio Tegnologie in Aksie skakel op die linkerkant van die tuisblad. As jy graag 'n kopie van die program per e-pos wil ontvang, stuur 'n e-pos aan rta@sarl.org.za met RTA Durban as die onderwerp.

Van die hoogtepunte sluit 'n demonstrasie deur Frik Wolff, ZS6FZ, van 'n bekostigbare Geïsoleerde USB send/ontvanger beheer koppelvlak boustel met 'n kombinasie van 'n USB na serie module. Die boustel gebruik konvensionele komponente wat min tot geen vorige ondervinding vereis om te bou nie. Frik sal besonderhede van hoe om die boustel te bou asook 'n praktiese demonstrasie lewer.

Die boustel kan bestel word op die RTA besprekingsvorm en sal slegs by die RTA beskikbaar wees en kan nie afsonderlik bestel word nie. Afgevaardigdes kan ook 'n data skyf met al die voorleggings en bykomende interessante materiaal en pro-gramme bestel.

HET JY BESPREEK VIR DIE 2014 SA AMSATRUIMTE SIMPOSIUM? Indien nie, doen dit nou. Een van die opwindende aanbiedings is oor 'n stuwermotor om 'n SATelliet in 'n hoër wentelbaan te plaas. Die aanbieding deur Johnathan Lun het baie opwinding veroorsaak by 'n SATelliet konferensie wat laat verlede jaar in die VSA gehou is. Jy kan ook deur die KletsKous transpondeerder werk. 'n Werkende prototipe sal gedemonstreer word by die simposium. Die volledige program en besprekingsvorm is beskikbaar op www.amplaaslike tydsa.org.za

FRIK WOLFF, ZS6FZ, NASIONALE TEGNIESE HERHALER BESTUURDER, HET Na aanleiding van verlede Sondag se nuusberig rakende die Parys herhaler, 'n koreksie beskikbaar gestel vir plasing.

Die Vaaldriehoektak en NIE die Sasolburg Radio Klub nie, het 'n herhaler met 'n beperkte reikafstand geïnstalleer by die NG Kerk Oos in Parys om die plaaslike Am-ateurs en die snelweg te bedien. Die frekwensie is wel 145,6875 MHz met 'n

88,5 Hz toegangs toon. Die herhaler werk goed met kontak verslae vanuit Drie Riviere, Sasolburg en omliggende gebiede rondom Parys.

Die kabel diefstal het wel by die Vaaldriehoektak se herhaler installasie by Brakfontein plaasgevind. Vandale het al voorheen die kragtoevoerkabels gesteel en dit was toe deur die Vaaldriehoektak vervang om maar net weer onlangs gesteel te word. Die kabels is nou weer teen baie groot kostes vir die Vaaldriehoektak vervang en Gary, ZS6YI, die herhaler bestuurder van die Vaaldriehoektak berig dat die herhaler nou weer 100% operasioneel is.

My verskoning aan Sasolburg Radio Klub en Vaaldriehoek Tak vir die verwarring rondom die berig verlede Sondag."

KOMPETISIENUUS

Vanmiddag kan jy van 15:00 tot 19:00 SAT deel neem aan die Antieke Draadloosvereniging se ESB Buis QSO-geselligheid Party met kontakte op beide die 40 en 80 meter bande. Gebruik die volgende frekwensies 7 063 tot 7 100 kHz en 3 603 tot 3 650 kHz tydens die wedstryd. Die roepseine, 'n RS-verslag, 'n opeenvolgende reeksnommer wat by 001 begin en die tipe radio gebruik word, bv HT37 Tx, word uitgeruil.

Drie punte per kontak word aangeteken wanneer die gebruik van 'n buis radio; twee punte per kontak vir hibriede radios (buis en soliedestaat) en een punt per kontak vir 'n soliedestaat radio. Die vermenigvuldiger is 3 punte per kontak vir alle buis radios; 2 punte per kontak vir hibriede (buis en soliedestaat) radio's en 1 punt vir soliedestaat radios.

Alle logstate moet teen 31 Mei gestuur word aan die Suider-Afrikaanse Antieke Draadloosvereniging, Posbus 12320, Benoryn, 1504 of per e -pos aan andyzs6ady@vodamail.co.za. Verwys asseblief na die kompetisiehandboek vir enige navrae.

DIE SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA 5 MHZ AKTIWITEIT NAWEEK beloof om 'n opwindende, pret, geleentheid te wees wat bydra tot voortplanting. Kry vir jou 'n omgekeerde V vir die 5 MHz-band, dit sal beter werk as om 'n 40 of 80 meter antenna met 'n antenna instemmer te gebruik.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga webblad sluit 'n volledige handleiding oor hoe om die opstel van WSPR op die stasie rekenaar of skootrekenaar. Die twee frekwensies, 5 250 en 5 260 kHz, wat aan die Suid Afrikaanse Radio Liga gelisensieer is, mag slegs deur geregistreerde lede van die liga gebruik word. Besonderhede oor hoe om te registreer asook die nuutste 5 MHz nuusbrief deur Paul Gaskell , G4MWO , is beskikbaar op die SARL webblad.

Dan het ons uitslae van die twee plaaslike kompetisies ontvang.

Daar was nogal baie aktiwiteit vir die Suid-Afrikaanse Radioliga QRP kompetisie gehou op 19 April en 6 logstate is ontvang. Die Pretoria Amateurradioklub, ZS6PTA, het met die louere weggestap, gevolg deur die Wesrand Amateur-

radioklub, ZS6WR, Andre Botes, ZS2ACP, Theo Bresler, ZS6TVB, Johannes van Zijl, ZS4DZ, en Theunis Potgieter, ZS2EC.

Baie geluk aan ZS6PTA en dankie aan almal wat logstate ingestuur het.

Nou kyk ons na die uitslae van die RaDAR kompetisie. Eddie, ZS6BNE, sê dit is moeilik om te bepaal hoeveel deelnemers aan die April 2014 RaDAR kompetisie deelgeneem het, want nie almal stuur sy / haar logstaat na die wedstryd organiseerder nie. Die RaDAR kompetisie vereis beweging na elke 5 QSOs. Dit is nie almal se koppie tee, maar dit is regtig 'n prettige aktiwiteit en moet gesien word as sodanig. Sommige RaDAR operateurs, soos John ZS5J, het ten minste 'n kontrolelog ingestuur. Die volgende operateurs het logstate voorgelê - Dirk, ZS6AKU, Eddie, ZS6BNE, Jaco, ZR6CMG, Lucy, M6ECG, en John MW/ZS5J.

Dirk het van die huis af gewerk as 'n draagbare stasie, Eddie en Lucy was in die "te voet"-kategorie, Jaco in die mobiele kategorie en Johannes in die draagbare kategorie. Lucy en Jaco het uitgeblink deur vir die volle vier ure te werk terwyl beweeg is na elke 5 kontakte en is gevolglik die wenners van hul kategorieë.

Die uiteindelike doel vir die 2014 Internasionale RaDAR kompetisie is maak van interkontinentale RaDAR QSOs. John en Eddie was suksesvol in die maak van so 'n QSO. John was op vakansie en het op 'n heuwel in Wallis, 'n draagbare RaDAR stasie ontplooi. Beide het slegs 5 Watts gebruik. John se antenna was 'n vertikale dipool en Eddie se antenna 'n oprol 10 m draad J-Pole. Die GG QSO het plaas gevind op 28 060 kHz en die seine was RST 529.

Geluk aan al die wenners.

Jy is ingeskakel op 'n nuusbulletin van die Suid-Afrikaanse Radioliga en ons gaan nou voort met die HF voortplantings voorspelling.

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak gematig gaan wees. Sonvlek AR2056 het 'n "beta-gamma-delta" magneetveld wat genoeg energie huisves vir X-klas fakkels.

Vir diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, die verwagte effektiewe sonvlektelling vir die week is ongeveer 105.

Amateurs gaan al die DX-bande van 20 tot 10 m geniet met 15 m wat die beste openinge gaan oplewer terwyl die 20 m net 'n kortkop agter behoort te wees. Met die hoër sonaktiwiteit moet radio amateurs ook op die uitkyk vir 6 m openinge wees.

Vir meer inligting besoek spaceweather.sansa.org.za.

Wat is in die Dagboek van gebeure?

Vandag 11 Mei - die ADV ESB Buis QSO geselligheid vanmiddag 17 en 18 Mei - Suid-Afrikaanse Radioliga-lede word genooi om deel te neem aan die 5 MHz voortplantingnaweek. Ook op die 17de Mei, die Oos-Rand Amateurradioklub se maandvergadering met die verwelkoming van nuwe lede na die RAE as tema

Dan op SATerdag 24 Mei, die SA AMSATRuimte Simposium by die Innovation Hub en op die 25ste Mei die Suid-Afrikaanse Radioliga se digitale kompetisie Op SATerdag 21 Junie kan jy die RTA in Durban bywoon.

U kan meer uitvind oor hierdie asook ander interessante gebeure op die Suid-Afrikaanse Radioliga se webblad www.sarl.org.za.

En om die bulletin mee af te sluit weer 'n terugblik op ons hoofnuus

Die konferensie dokumente vir die 2014 IARU Streek 1 Algemene Konferensie is beskikbaar vir aflaai vanaf die Streek 1 webtuiste by www.iaru-r1.org, aan die linkerkant kies 'Documents' en dan 'Conferences.'

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie Suid-Afrikaanse Radioliga nuusbulletin

Suid-Afrikaanse Radioliga-nuus nooi klubs en individue uit om nuusbrokkies van belang vir radioamateurs en kortgolfluisteraars in te dien. Plaas nuusberigte - indien moontlik - in beide Engels en Afrikaans op www.sarl.org.za/newsinbox.asp, nie later nie as die Donderdag wat die bulletindatum voorafgaan.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga nooi u om elke Sondagoggend om 10:00 SATte luister na "Amateur Radio Today". Daar is herleiding op 7 082, 7 205 en 17 660 kHz en 'n potgooi deur Dick, ZS6RO.

'n Heruitsending vind op Maandae om 16:30 UTC op 3 230 kHz plaas. Ons ontvang graag jou ontvangsrapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Sentech borg die uitsendings op die nie-amateurfrekwensies.

U het geluister na 'n bulletin van die Suid Afrikaanse Radio Liga saamgestel is deur Dennis Green, ZS4BS en geredigeer deur Dawie Conradie, ZR6DHC.

Die Afrikaanse nuusspan groet nou en wens u 'n mooi week toe. Ons oorhandig die mikrofoon nou aan die Engelse span. Totsiens